SARL-NUUS SONDAG 07 JUNIE 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasio
Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken
U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325

(POUSE)

In die nuus vandag:

JEUGDAGWEDLOOP 'N GROOT SUKSES

WIL U MEER WEET AANGAANDE AMATEURRADIOTEGNOLOGIE

JAARLIKSE LEDEGELD

GEHEIMSINNIGHEID VAN DIE ONTBREKENDE SONVLEKKE

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike er

JEUGDAGWEDLOOP 'N GROOT SUKSES

Die jeugdagwedloop was n groot sukses. Deur die tydsduur met twee uur te verleng, in vergel

WIL U MEER WEET AANGAANDE AMATEURRADIOTEGNOLOGIE?

Indien u n tegniese of n bedryfsvraag aangaande amateurradio het, stuur n e-pos aan elmer@

JAARLIKSE LEDEGELD

Ledegeldrekenings is n aantal weke gelede per e-pos uitgestuur. Betalings is op 30 Junie ve
Indien u nognie n lid van die SARL is nie, oorweeg dit om nou aan te sluit. Dit is soveel b
Besoek www.sarl.org.za vir aansoekvorms en subskripsiebesonderhede.

GEHEIMSINNIGHEID VAN DIE ONTBREKENDE SONVLEKKE

Die son is in die laagtepunt van 'n eeuklas sonaktiwiteitsminimum, en sonvlekke was vir meer as twee jaar raaiselagtig skaars. Nou, vir die eerste keer mag sonfisici verstaan waarom. Tydens die perskonferensie van 'n Amerikaanse Astronomiese Vereniging op 17 Junie, in Boulder, Colorado, hert navorsers aangekondig dat 'n "jet stream" diep binne die son stadiger as gewoonlik deur die ster se binneste migreer wat verantwoordelik is vir die afwesigheid van sonvlekke. Rachel Rowe en Frank Hill van die Nasionale Sonobservatorium (NSO) in Tucson, Arizona, het 'n tegniek genoemd helioseismologie, aangewend om die "jetstream" waar te neem en om sy baan tot dieptes van 7 000 km onder die oppervlakte van die son te volg. Die son wek nuwe strome elke 11 jaar naby sy pole op, het hulle verduidelik. Die strome migreer stadig van die pole na die ekwator en wanneer 'n stroom die kritieke breedtegraad van 22 grade bereik, begin nuwe sonvlekke te voorskyn te kom. Lees meer op www.sarl.co.za.

KOMPETISIENUUS

Die uitslae van die AWA se Buis-QSO-Party wat verlede week verskaf is was verkeerd. Hier vol

1ste Plek Jan, ZS4JAN, 282 Punte; 2de Plek Rad, ZS6RAD, 276 Punte; 3de Plek Theunis, ZS2EC, 80 Punte. Verskoning vir enige ongerief veroorsaak. Die AM-resultate is korrek soos berig.

OPGEDATEERDE REELS VIR DIE DIGITALE PSK-KOMPETISIE

Die SARL se digitale kompetisie vind op 28 Junie plaas. Neem asb. kennis van die volgend ver
Let op die ingestelde bedryfsfrekwensie per band.
U keuse van krag, QRO/QRP, moet op alle band egebruik word.
Die stasie met die hoogste puntetelling, ongeag kategorie, sal n sertifikaat, uitgereik deu

1. Doelstelling. Om soveel moontlik kontakte tussen radioamateurs in Suid-Afrika, met gebruik van die PSK-modus, te bewerkstellig. Die kompetisie is oop vir alle gelisensieerde radioamateurs in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Angola, Zimbabwe, Malawi, Mosambiek, Zambië, Madagaskar, St Helena eiland, Tristan da Cunha en Gough, Marion en Prince Edward eilande, Suid-Afrikaanse Antarktika, Mayotte eiland, Comoro ielande, Reunion en Mauritius eilande en hulle verbonde eilande.
2. Datum en tye TDie laaste Sondag van Junie [28 Junie 2009] van 13:00 UTC tt 16:00 UTC [15:00 to 18:00 SAT].
3. Bande (Alles HSB) HF 80 m [3,580 MHz]; 40 m [7.035 MHz]; 20 m [14,070 MHz]. BHF (Horisontaal gepolariseerd); 6 m [50,250 MHz]; 2 m [144,250 MHz]. UHF (Horisontaal gepolariseerd); 70 cm [432,088 MHz].
4. Kategorieë EOEB-HK: Enkeloperateur, Enkelband, Hoëkrag. Dit is stasies waar een persoon alle funksies vervul, loginskrywings en funksieherkennings. Die uitsetkrag mag nie 100 W oorskry nie. EOAB-HK: Enkeloperateur, Alle Bande, Hoëkrag. Dit is stasies waar een persoon alle funksies vervul, loginskrywings en funksieherkennings. Alleenlik een sein is op enige tyd toelaatbaar. Die uitsetkrag mag nie 100m W oorskry nie. EOAB-HK: Enkeloperateur, Alle Bande, Hoëkrag. Dit is stasies waar een persoon alle funksies vervul, loginskrywings en funksieherkennings. Alleenlik een sein is op enige tyd toelaatbaar. Die operateur mag ter eniger tyd van bande verander. Die uitsetkrag mag nie 100 W oorskry nie. EOEB-LK: Enkeloperateur, Enkelband, Laekrag. Dit is stasies waar een persoon alle funksies vervul, loginskrywings en funksieherkennings. Die uitsetkrag mag nie 5 W oorskry nie. EOEB-LK: Enkeloperateur, Enkelband, Laekrag. Dit is stasies waar een persoon alle funksies vervul, loginskrywings en funksieherkennings. Alleenlik een sein is op enige tyd toelaatbaar. Die operateur mag ter eniger tyd van bande verander. Die uitsetkrag mag nie 5 W oorskry nie. Kortgolfluisteraars (KGL)
5. Uitruiling Naam plus ruitverwysing van 6 karakters byv. KG33bu.
6. Punte. Bandpunte = (Aantal QSO s) maal (Aantal voorvoegsels); Totale punte = (80 m punte) + (40 m punte) + (20 m punte) + (BHF/UHF punte).
7. Vermenigvuldiger Kragvermenigvuldiger (5 vir < 5 W) (1 vir 5 W en meer). 8.Scoring Die finale puntetelling is die resultaat van die totale QSO-punte

(Totale punte) vermenigvuldig met 5 indien QRP (< 5W).

8. Borg Lichtenburg ARK, Posbus 410, Lichtenburg, 2740. E-pos: zs6bne@nwinternet.za.org.
9. Sluitingsdatum vir instuur van logstate: 13 Julie 2009.

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie laag gaan wees. Die geomagnetiese veld sal oor die algemeen kalm wees. Die voorspelde effektiewe sonvlektelling sal gedurende die komende week minder as 5 wees. Gedurende die week was daar slegs 'n enkele klein sonvlekkie wat in die tussentyd reeds weggekwyn het. Daar word verwag die gebrek aan sigbare sonvlekke vir 'n rukkie sal aanhou. Met winter hier is die hoeveelheid energie van die son wat die Suidelike ionosfeer bereik besig om steeds verder af te neem. Dit het 'n merkbare effek op die HF-toestande. 15, 17 en 20 m is nog steeds die beste keuses vir DX. Gedurende die middae gaan die toestande na die Ooste en die Weste goed wees. Gedurende laatmiddag en die aand gaan toestande na die Noorde goed wees. Vroegoggend is daar 'n moontlike kans om kontakte met Australië en Nieu-Zeeland te maak. Gedurende die aand is daar 'n moontlikheid van 40 m-kontakte met Brasilië. Noordoostelike, Noordwestelike, Suidoostelike en Suidwestelike paaie gaan uitdagend wees. Langpadpropagasie na die VSA is ook gedurende die middag moontlik. 10 MHz lyk laatmiddag en na sononder bruikbaar vir die Morsekode- en digitale entoesiaste. Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort gedurende vroegoggend en laatmiddag goeie resultate oor die korter afstande, byvoorbeeld tussen ZS5 en ZS6, te lewer. 30 m sal gedurende die middel van die dag goeie resultate tussen ZS6 en ZS1 lewer. Saans is 80 m die beste keuse. Ongelukkig is die geraas a.g.v. statiese ontladings nog bietjie hoog wat uitdagings bied. Opwindende nuus is dat die Noord-Kaliforniese DX-stigting se internasionale bakennetwerk by die Hermanus Magnetiese Observatorium, ZS1HMO, gemonitor word. 'n Grafiese aanduiding van die ontvange seinsterktes kan by http://spaceweather.hmo.ac.za besigtig word. Kies "Ionospheric Data" en dan "HF Propagation Conditions" om te sien watter bakens onlangs, en nie so onlangs nie, gehoor is. Onthou dat hierdie net 'n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aan, luister en roep ook CQ om seker te maak dat u deel van die opwinding is. Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

21 Junie E160 m QSO-party eindig; 17 tot 21 Junie SARL se 160 m-QSO-geselligheid; 27 Junie Magalies Radioamateurklub se snuffelmark, bel Thomas by 082 802 8878 vir 'n tafelbespreking teen R20; 28 Junie Digitale kompetisie; 13 Julie - Sluitingsdatum vir instuur van logstate vir digitale kompetisie.

```
SARL-Nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraar
Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om
U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur George,   ZS6
```

```
Dankie dat u geluister het. 73.
```
/EX.